kruiskerk.co.za

info@kruiskerk.co.za

wynandnel@iafrica.com

Toetrede

Liturgie van die Lig

Aansteek van die kerse

Woorddiens

Tema: Wat sou Christus se roep hierdie maand aan ons wees in Suid-Afrika?

Skriflesing: Lukas 24:36-48 (1953)

36 EN terwyl hulle hieroor praat, staan Jesus self in hul midde
en sê vir hulle: Vrede vir julle!
37 Toe het hulle verskrik en baie bang geword en gemeen dat
hulle 'n gees sien.
38 En Hy sê vir hulle: Waarom is julle ontsteld en waarom
kom daar twyfel in julle hart op?
39 Kyk na my hande en my voete, want dit is Ek self. Voel
aan My en kyk; want 'n gees het nie vlees en bene soos julle
sien dat Ek het nie.
40 En terwyl Hy dit sê, wys Hy hulle sy hande en sy voete.
41 En toe hulle van blydskap nog nie kon glo nie en hulle
verwonder, sê Hy vir hulle: Het julle hier iets om te eet?
42 Daarop gee hulle Hom 'n stuk gebraaide vis en 'n stuk
heuningkoek.
43 En Hy het dit geneem en voor hulle oë geëet.
44 En Hy sê vir hulle: Dit is die woorde wat Ek met julle
gespreek het toe Ek nog by julle was, dat alles wat oor My
geskrywe is in die wet van Moses en die profete en die
psalms, vervul moet word.
45 Toe open Hy hulle verstand om die Skrifte te verstaan.
46 En Hy sê vir hulle: So is dit geskrywe, en so moes die
Christus ly en op die derde dag uit die dode opstaan,
47 en bekering en vergewing van sondes in sy Naam
verkondig word aan al die nasies, van Jerusalem af en
verder.
48 En julle is getuies van hierdie dinge.

Broodjies vir die pad

Paul Ricoeur offered and then re-examined his notion of "attestation" in essays and books throughout his remarkable career. He said he was navigating between those two giants who opened and closed Modernity, Descartes and Nietzsche, (*Oneself As Another*, p.21 ff). On the one hand, he understood the necessary and inescapable role of doubt– doubt about our capacities for understanding or acting divested of our own motives. He acknowledged our tendency to favor interpretations that benefit our needs and prejudices and the gap between what we professed and what we actually did. Doubt, a little humility is a healthy thing. On the other hand, he grappled with what do we do with claims that have no reservations, in particular biblical claims, including the specific claim that Jesus was raised from the dead. We live somewhere between these two poles, between useful self-doubt and the audacity of biblical claims. While never escaping self doubts (and we ought not to believe we can escape some self doubt as a corrective to our own limitations), we are compelled to make a decision about such bold claims as these biblical announcements not because they overwhelm or eliminate our doubts, but because we have discovered them to be true in the actual wrinkles and folds of our personal lives. These *announcements* do not need or desire human corroboration. They simply ellicit affirmation or denial. The decision to affirm is what Ricoeur calls "attestation." Because "attestation" is personal, it is never made in words that we simply parrot from others, even the eloquence of scripture, but it is made in plain, ordinary, everyday language. Furthermore, and just as importantly, we attest not only with words, but in the choices we make and the actions we take; (here we should recall the emphasis on corporality in Luke's accounts of those occasion when the followers of Jesus expereinced the Risen Christ). We never reach a static resolution. We continue to go back and forth between our "doubts"/ "fears" and personal testimony. And in the decision to become a witness, to testify, "we wager on a certain set of values and then try to be consistent with them; verification is therefore a question of our whole life. No one can escape this." ("Lecture on Ideology and Utopia," quoted in *Theology after Ricoeur*, p.206) We can "attest" to the power of the love of God put on dazzling display in the crucified and Risen Christ because we have experienced it in our own lives and we are willing/eager to become enthusiastic witnesses. The actions that flow from that claim should bring some sort of restoration/healing in the lives of others whom we influence. Before we have thought about it, we have become witnesses, too.

http://www.sacraconversazione.org/?p=169

◆◆◆

Vroegherfs

Die jaar word ryp in goue akkerblare,
in wingerd wat verbruin, en witter lug
wat daglank van die nuwe wind en klare
son deurspoel word; elke blom word vrug,
tot selfs die traagstes; en die eerste blare val
so stilweg in die rookvaal bos en laan,
dat die takke van die lang populiere al
teen elke ligte môre witter staan.
O Heer, laat hierdie dae heilig word:
Laat alles val wat pronk en sieraad was
of enkel jeug, en ver was van die pyn;
laat ryp word, Heer, laat u wind waai, laat stort
my waan, tot al die hoogheid eindelik vas
en nakend uit my teerder jeug verskyn.

N.P. van Wyk Louw

Voorbeeld

Julle skandbeelde staan
nou knus saam-saam
weg gepakkamer
tot wie weet wanneer
of waar die malligeid
hom dalk weer herhaal.
Vir die blertsende meeu
en die skarrelende rot
verrys gelukkig binnekort
nuwe teikens om van
voor af te bemors.
Maar, o my liewe tyd, kyk:
iemand het Mandela s'n
bloosrooi gaan bespuit.

© Hennie Nortjé / 2015

http://versindaba.co.za/2015/04/13/voorbeeld/

◆◆◆

GRATIS KOFFIE (ZOALS VROEGER)

Liefde moet je verzorgen.
't Is als een kopje koffie zetten
met een antieke molen:
je giet traag kokend water op,
je blijft erbij, je noemt het vroeger.
Als een orchidee voor het raam.

Liefde mislukt soms.
Maar ook dan moet je er
een zetel voor vinden.
Ontdekken waar je faalde.
En toch nog houden van.
Niet zomaar een bloem.

Niet uit zinloze obsessie,
maar omdat de minne heilig is,
ook al laat ze je in de steek.
Je moet haar koesteren
als een geur waar je niet bij kan.
Zelfde orchidee, hoog in de boom

van een kwetsbare dagdroom.
Dat is mijn ware overtuiging.
Terwijl ik mijn koffie drink.
Om deze woorden te schrijven.
Alleen. Zoals de haven in het raam.
Achter mijn verwelkte hoop.

(c) Bart Stouten / April 2015

http://versindaba.co.za/tag/gratis-koffie-zoals-vroeger/

Brood vir die pad

Geloof het te doen met hoop dat God 'iets' is

Wilhelm Jordaan

Gelowiges wat verwonderd is oor die moontlikheid van 'n God eerder as om sekerheid daaroor te konstateer, sê gereeld geloofstaal dra soms swaar aan geykte kerkspraak.

Sulke kerkspraak is dikwels gegrond op die tradisie dat die Bybel letterlik God se onfeilbare Woord is; direk aan mense "ingegee".

Kerklike leerstellings en geloofsbelydenisse is op dié Woord gegrond en het daarom afgeleide gesag.

So gebeur dit dan dat predikante en teoloë volgens Bybeltekste, soos Gen. 1:26, 27 (God het die mens na sy beeld geskep), redeneer dat die mens sekere eienskappe met God deel. Onlangs dit weer gehoor: "Die mens as beelddraer kan innoverend en kreatief wees. Hoewel soms karig benut, deel ons dit met die Skepper."

Die probleem daarmee is dat daar eintlik vanuit die aard van die menslike natuur iets letterliks, eerder as metafories, oor God te kenne gegee word.

Mense is byvoorbeeld kreatief en intelligent. Nou word gesê God is kreatief en intelligent – net onmeetlik meer as mense.

Vandaar byvoorbeeld die idee van God as 'n Intelligente Ontwerper van die kosmos. Ons gebruik ons verstaan en aanwending van intelligensie om as't ware God se "enorme intelligensie" te peil en te loof.

Sulke alte maklike "analoë" tussen ons en God is 'n verskraling van die opvatting oor God as die Gans Andere. Wat wesenlik sê ons weet nie of, hoe en waar God is nie. Die openingsreël van die Nederlandse Geloofsbelydenis verwoord dit met verruklike eenvoud: "Ek glo in een geestelike wese wat ons God noem."

Alles wat ons oor God sê, noem en benoem, is niks meer nie as 'n "kaart" wat ons probeer teken van 'n "gebied" wat onkenbaar buite ons afmetings van tyd en ruimte is. En tog so naby soos asemhaal is.

Dit is 'n misterie waaroor ons eintlik moet swyg, soos die Griekse woord "mysterion" te kenne gee. Maar ons doen dit nie, want die misterie laat ons in verwondering buig.

Soos Sheila Cussons dit doen in haar "Gebed": "Hoe sal ek U ooit ken? / U is te naby, U is te ver, / U klewe aan my kyker vas, / wykende, wyderende ster . . . dan snap ek die genade – / suiwerder as weet, duideliker as pyn – / van wyk dat ek moet nader, / altyd verder nader . . . "

Sulke geloofstaal is nie gevestig in 'n bewysbare seker wete dat God ís nie. Geloof het te doen met die hoop dat God "iets" is wat 'n bestaansvorm het; die verlange dat dit wat jy glo, waar is; en 'n heimwee na die teenwoordigheid van hierdie "iets" in jou lewe. Dit ding ook nie mee met wetenskaplike kennis nie, maar bevat die gedagtegang dat alles uit die nagloed van 'n kosmiese ontstaansoomblik 'n plek, skoonheid, orde en bestemdheid het; dat alles wat is, gesnoer is in 'n ontvouende "Geheel" wat met ontroering en in geloof "God" genoem word.

http://www.netwerk24.com/stemme/2015-04-15-wilhelm-jordaan-geloof-het-te-doen-met-hoop-dat-god-iets-is

wynandnel@iafrica.com 082 901 5877